# Presidente 2012 – Sawa het Talent



‘Sawa het Talent’ is vooraf gegaan deur die oggend se pragtige gaskunstenaar, Teresea (links).

Sawa het ook ‘n heel ander talent getoon hierdie jaar met Zahné Struwig van Roodekruin (regs) se olie verf skildery wat tydens die oggend opgeveil is.



Jorani Wolmarans van Elandsrand (regs & onder) het die kompetisie afgeskop met ‘n voordrag: “Toe die wêreld nog jonk was”. Sy was hiermee dan ook die wenner in die voordrag kategorie.





Chantelle van As van Oosvaal (regs) was die wenner in die sang kategorie.





Tannie Emmalean vd Merwe was die “Agtergeblewene van die Vrystaat” en het ons vermaak met Roelandstraat soos net sy dit kan en sal doen!! Sy was die wenner van die Komedie kategorie.





Karla en Chanel Mieny van Roodekruin (bo) het 'n sang item gelewer en was tweede in dié kategorie.

Klein Janel Jansen van Kempton Park (regs onder) was tweede in die voordrag kategorie. Sy is net 4 jaar oud.





Oom Lokkie van Bedra van Kosmos (onder) was tweede in die Komedie kategorie met sy vertelling.









Ander deelnemers aan die "Sawa het Talent" kompetisie was Aney Heyman (links bo), Liezel Venter (bo), Ariza Rheeder (links), Ivania Wensel (regs) en Ankia en Chantelle (regs onder)





Lance Batts het ook die moed bymekaar geskraap om 'n voordrag te lewer en ons is so bly dat hy dit alles kon onthou!

